

Kelkiewyn

<http://www.christelikebiblioteek.co.za> of <http://proregno.com>
Jaargang 5, Nr 2 • GRATIS!

Roepstem uit die Dorsland

!Julle sal my getuies wees

Begin jou eie Bybelstudiegroep.

Evangelisasie... geen eksentrieke stokperdjie, maar lewensaar.

God skenk ons die krag deur die Heilige Gees om sy getuies te wees.

Ken die persoon langs jou vir Jesus Christus?

Getuies van God in woord en daad.

En julle sàl my getuies wees ...

'En julle sal my getuies wees...' (Handelinge 1:8) is die laaste woorde van die profeet Jesus Christus voor sy hemelvaart. Hy profeteer hier oor die kerk. Sy ware kerk. Die dissipels wat die eerste hoorders van hierdie profesie was, het hierdie woorde gehoor maar nie dadelik daarna geluister nie.

Hoor of luister

Ons Profeet verkondig aan ons die waarheid van God, ook oor wat met die kerk gaan gebeur. Dit het weer tyd geword dat kerke hulleself verantwoord oor hierdie profesie. Het ons gehoor en geluister? Om te hoor is om die klank te vang. Om te luister is om op te tree soos wat ons gehoor het.

'n Profesie van Jesus Christus aangaande die optrede van die kerk moet tog onderskei word van 'n opdrag van God aan die kerk. In die laaste getuienis van Matteus oor die tyd net voor die hemelvaart, word aan ons 'n opdrag van God deurgegee: Gaan dan heen en maak dissipels...' (Matteus 28:16-20). In Handelinge spreek Christus 'n waarheid uit aangaande die optrede van sy kerk. Hierdie kerk sàl van Hom getuig met kragwoorde wat hulle van die Heilige Gees ontvang.

Mondstuk

Dit is opmerklik dat die werk van die Heilige Gees in beide beskrywings genoem word. Iemand wat met die Heilige Gees gedoop is, sàl Jesus Christus se getuie wees. Die kerk sàl die mondstuk van Christus wees. Sy profetiese amp sàl in hulle optrede voltrek word. Wat 'n heerlike en vervullende waarheid. Christus profeteer deur my. Die kerk se getuienis vanweë die Heilige Gees wat oor die kerk kom, is die profesie van Jesus Christus. Dit is 'n onomkeerbare en onstuitbare profesie. Dit sàl so wees. Jesus het geen valse profesie ooit op sy lippe geneem nie. Geen enkele een van sy profesieë sal onvervuld bly nie. Die ware Profeet se ware profesie sal uitkom.

Die vraag is net: sal sy profesie in ons lewens vervul word? Baie Kerke beroem hulle daarop om die ware kerk van God te wees. Ons kyk gedurig daarna of die kenmerke van die ware kerk by ons voorkom. Laat die wat ore het om te hoor ook nou luister: Wie aan Christus behoort, wie deur 'n ware geloof in Christus ingelyf is (HK Sondag 7), wie met die Heilige Gees gedoop is, sàl Jesus Christus se getuie wees. Dit is 'n koninkrykswet. Dit is

'n Goddelike kommunikasieëel. Dit is 'n profesie wat bewaarheid sal word.

Deel ons die profesie?

Het alle kerke deel aan hierdie profesie? As ons bely dat ons Jesus Christus as Saligmaker in ware geloof aangeneem het, waar is ons getuienis dan? 'n Ware-getuienis-kerk se getalle behoort nie te daal nie. Waarom nie? Omdat Jesus Christus self besig is om sy kerk te versamel (HK Sondag 21) deur sy eie profesie by monde van sy eie kerk.

Maar is dit waarmee ons monde besig is? Of is ons besig om net te eet? Laat die ontleed-mes hier maar pynlik diep tweesydig sny:

In Esegieël 34 word die herders van Israel ernstig vermaan – hulle verryk hulleself en heers met strengheid en hardheid, terwyl die skape verstrooid geraak het. Is ons predikante nog bekommerd oor die profetiese getuienisgetalle in die kerk van Christus of kry die jaarlikse begrotingsvergadering voorkeur?

En die gemeente? Het dit nie tyd geword om te vra: wat doen julle nou met die Woord wat so keurig en getrou aan julle verkondig word? Hoeveel kerke het geestelik dik geword op hulle eie afsaksel, soos die profeet sê. Hoeveel lidmate het met die Woord geestelik vetgevoer geraak, maar lewer soos slagbeeste geen kragtige getuienis oor die profetiese uitwerking van daardie Woord in ons lewens nie? Het ons lekkerbekkige peuselaars aan die Woord van God geword? Het ons gehoor maar nie geluister nie? Dink ons sy profesie sal ons oorslaan?

Ware kerk

Om alle misverstand hieroor te vermy, laat ons dit dan nou maar prontuit sê: 'n Kerk mag hom nie daarop beroem om die ware kerk van God te wees, sonder dat die profesie van Christus aangaande die kragtige getuiewerk deur die Heilige Gees, nie sigbaar vergestalt in ons lewens nie.

Is ons nog ware kerk van die ware profeet, Jesus Christus? En moet dit nie net tot 'n saligmakingskwessie verskraal nie. As ek dan aan Jesus Christus behoort, as ek Hom dan as my Verlosser in die geloof omhels, as ek dan my eie uitverkiesing vasmaak, waar is dan die getuienis aan ander wat hoort by daardie geloof, wat hoort by die profesie? Geloof sonder getuiewerk is sonder meer dood. 'n Kerk wat die profesie van Christus minag deur

dit formeel aan te hoor, maar nie te gehoorsaam nie, moet ernstig besin of hy nog die ere naam 'ware kerk' verdien.

Ons het dikwels die mond vol oor sektes se getuies. En ten regte, want die meeste sektariërs breek ander mense met hulle eie intiem persoonlike bekeringsmomente. Maar Christus se profesie bewerk iets anders. Die kerk mag nie oor homself getuig nie. Christus sê: Julle sal MY getuies wees.

Is kerke getuies van en oor Jesus Christus deurdat die Heilige Gees oor ons gekom het? Daar moet onthou word dat ons bely dat die Koning Jesus Christus nooit sonder onderdane wil, kan of sal wees nie. Daar sál oor Hom getuig word. Die vraag is - en dit is bykans te swaar om uit te spreek so verskriklik is dit - die vraag is: Is die Heilige Gees besig om by sommige kerke verby te gaan, omdat ons so getrou hoor maar so ongetrou luister?

Oproep van vervolging

In Handeling 8 het die kerk aanvanklik ook gesit en nie die profesie gehoorsaam nie. Maar Jesus Christus het sy profesie steeds bewaarheid. Hulle sál sy getuies wees, al moet Hy 'n kerkvervolging oor hulle uitroep (Handeling 8:1 vv). Moet ons ook eers vervolgt word voordat ons tonge losmaak en bevry word van ons geestelike stomstreke? Is dit wat ons wil hê? Is dit nie wat ons moet begin bid sodat Christus se profesie in sy ware kerk vervul kan word nie? Het die Here nie al dikwels gesê dat Hy iets sal doen wat elke oor sal laat tuit by die aanhoor daarvan nie?

Gereformeerdes word wakker, tuit julle ore dan nog nie? As ons regtig aan Christus behoort, sál ons sy getuies wees. Kan ons nie verstaan dat ons stilstuip ons eie vervolging oproep nie? Hoor hoe die donder aanrol. Sien tog hoe die swaard blink geslyp word. Gaan ons begin praat? Gaan ons begin getuig? Gaan ons die vervulling van die Gees begin soek? Of moet die hand van die wreedaard eers die selfopgelegde muilband van ons goedgevoerde monde afruk, sodat ons sal begin getuig van Jesus Christus en sy profesie oor ons?

'Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judëa en Samaria en tot aan die uisterste van die aarde.' (Hand 1:8).

Wie ore het om te hoor, laat hom hoor wat die Gees van Christus profeteer oor die kerke. Luister jy? Of het jy maar net iets gehoor wat raserig klink?

Dr. ALA Buys

Ons Here Jesus sê aan die gelowiges: "... julle sal my getuies wees ..." (Hand. 1:8). Op watter manier getuig jy van Jesus Christus? Op watter manier reik ons uit buite die gemeentegrense om mense die evangelie te bring? Uitreik is nie iets romanties nie. Dit is onrustig, ontstellend, uitdagend, veeleisend, onseker, selfs vyandig. Dit stel groot eise aan lidmate en kerklike voorgangers. Dit leer om in afhanklikheid van God te lewe.

God se koninkryk word egter uitgebrei daar waar mense Jesus Christus bely as die Here van hulle lewe en tot Sy eer leef. Lidmate en gesinne is deel van die sendingveld, dit is op die drumpel van elkeen se voordeur en in die werkplek. Die eerste en belangrikste taak van die Vroeë Kerk was om deur sy getuies God se koninkryk in die wêreld te laat kom. Realiseer dit nog? Is jy as gelowige brandende om Jesus Christus te verkondig?

Ongelukkig is instandhouding die grootste saak waarmee meeste van die kerke hulle vandag besig hou. Ons sorg dat ons elke Sondag ten minste 'n erediens of twee het, elke nou en dan nagmaal en doop en ons wil darem nou en dan Bybelstudie en katkisasie ook hê vir die gemeentede. Hiermee is ons maand na maand besig en bereik miskien die doelwitte. Wat van die Jesus se stelling: "... julle sal my getuies wees ..."?

Hierdie uitgawe word gewei aan hierdie opdrag van ons Here Jesus. Dr. Wikus Buys raak **Relevant** met juis hierdie opdrag en later stel hy evangelisasie as **Mikpunt** vir die gemeente. In **Ywer** word daar 'n metode van Bybelstudie aanbieding gegee en 'n paar vroeë gestel om die gemeente waaraan jy behoort se funksionering te toets.

In **Leef** kyk Ds. Hannes na 'getuies in woord en daad', ons **Leeslus** word aangewakker deur die bekendstelling van 'n nuwe boek "Singing the songs of Jesus". **Maatstok** meet die Roomse kerk vandag en stel 'n DVD oor die 16de eeuse Reformasie bekend.

Morne Diedericks vra in **Verbonde** of die persoon langs jou vir Jesus Christus ken. Ds. Pierre Cilliers **oordink** Handeling 1:8 en **Medisyne** bespreek Malaria. **Webvlug** kyk na die evangelie wat nie na die mens is nie en na 'n webjoernaal, 'Dag Vreemdeling', van Alwyn Swanepoel. **Wie is in beheer** is oudergewoonte ook in die uitgawe te sien. Hierin word die vraag beantwoord – Vir wie het Jesus gesterf?

Dit is ons bede dat die Kelkiewyn jou in jou geloofslawe sal toerus. Geniet elke eier hierin gelê en mag die roep van die Kelkiewyn in jou hart broeiplek kry en in jou lewe opvlieg!

Redaksie

Redakteur

Ds. Neil Prinsloo
redakteur@kelkiewyn.za.net
+264 81 -294 0055



Taalsuiwerheid

Tienie Duvenhage
info@uitspanhunting.com



Bladuitleg

Dina Adamson
dina.adamson@iway.na



Die sewe vet jare vir die Afrikaanse kerke is verby. Getalle krimp. Geld word om en om gedraai. Ons hoor troosspreuke: “ons is klein genoeg om om te gee, groot genoeg om ‘n verskil te maak”. Ander laat doemwoorde vlieg: “teen die huidige maer-word-tempo van die kerk sal daar nie gereformeerdes oor wees om die wederkoms te sien nie - al sou dit binne drie of vier dekades wees”.

In die dae van Josef het die Here droogte gestuur sodat sy heilsplan volvoer sou kon word. Reën en droogte, so bely ons, kom uit die hand van die Here ons ten goede. Die maer jare van die kerk word veral ekonomies bedoel. Die effek van die sogenaamde regstellende beleid word al hoe meer sigbaar - en dit het ‘n invloed op die kerke. Die volgende geslag gaan heel waarskynlik ‘n arm geslag wees, met hier en daar ‘n uitsondering. Natuurlik is daar baie ander redes waarom die kerkkas maerder word. Maar hoe sake ook al staan: die volop jare van die verlede is vir eers verby vir die kerk. Maar moet hierdie vooruitgesiene gelddroogte noodwendig ‘n geloofsdroogte meebring - of nog erger - in stand hou?

Sou ons die gelddroogte uit die hand van God ontvang, moet ons onself afvra wat wil U ons hiermee leer, Here? Wil die Here nie vir ons - en weer veralgemeen ons ‘n bietjie - op ‘n sielsdroogte wys nie? Laat ons die spieël optel van ‘n deursnee gemeente en dan vra ons onself af of ons nie droogdors geword het nie.

Die huidige stand van sake

Die gemeente moet ‘n dominee hê. Dominee moet die voorman wees. Hy moet besig wees met baie dinge. Hy moet besig lyk, want die gemeente moet glad loop. Sy hand moet in alles gesien kan word. ‘n Dominees-kerk. Die besturende direkteur van ‘n geestelike klub. Hy moet hand bysit by die fondsinsameling. Hy moet gaan troos. Hy moet gaan raas. En ‘n mooi preek kom handig te pas. Met ons dominee en sy kerk gaan dit ... wel, wel. Hy lyk so moegerig. En die kerk groei nie eintlik in getalle nie. So af en toe trou iemand van elders af in

die kerk in. Nou en dan spoel ‘n grensgeval oor. Hier en daar ‘lig iemand sy attestaat na ‘n ander predikant toe’, omdat hy nie hou van sy nuwe dominee se mannewales nie, of omdat die tug so bietjie brand.

Maar laat ons die kerk nie as karikatuur voorstel nie. Die evangelie word op talle plekke nog suiwer gepreek. Daar is diep gelowiges wat ‘n pad saam met die Here in die gemeentes loop. Daar is plekke waar die amp van die gelowige vol in die blom staan. Maar dit is die uitsondering. Die reël is ‘n hiërargiese-dominees kerk (en moet maar nie te verbaas wees as die herders self die tafel so dek nie, want die stoel - al het dit nou baie op die pligstaat geskryf - sit na ‘n ruk al te lekker en daar is baie byvoordele). Sou dit ver uit die kol wees as ons die deursnee gemeente tipeer as ‘n predikantskerk met ‘n instandhoudingsmodel as grondslag? En is dit nie juis dit wat die huidige droogte opgeroep het nie?

Redes

Kerke wat evangelisasie doen as ‘n lewensaar is maar dun gesaai. Daar is dié wat evangelisasie doen, maar dan is dit ‘n aksie van ‘n paar entoesiaste. Party gemeentes wat groei het sulke ongereformeerde ingebring dat die suiwere leer, diens en tug haas nie meer sigbaar is nie. Soos ‘n vorige kollega vir my eenkeer gesê het: Ek sien nie kans om die heidene in ons erediens in te bring nie. Die liturgie is sò te vreemd. Die oplossing? ‘n Heel charismatiese tweede diens naas (eintlik teenoor) die ‘normale’ gereformeerde liturgie. En dan word daar nogal pertinent gesê ‘word die belydenis nie gelees’ nie. Is dit waarin ons vasgevang sit? Dat die hemelse droogte ons dwing om ons instandhouding van dominees-kerke aan te pas, maar dat ons nie weet hoe om dit te doen en nog gereformeerd te bly nie?

Kan ‘n Gereformeerde kerk groei?

Die vraag hang daarmee saam of ons nog onself sien as die ware kerk. Die ware kerk van Christus sal groei. Christus self versamel sy kudde. Die punt is egter of ons, Christus hierin gehoorsaam volg as mede arbeiders, en of ons Hom teenstaan in sy versamelwerk. Natuurlik kan die Kerk waaraan jy behoort as ware kerk groei. Maar dan moet ons doen wat ons glo. Met ons papiere skeel daar niks. Ons belydenis is reg. Met ons hart en ons hande skort daar egter baie.





Is God se Woord vir ons gesagvol en die basis waarop alles rus?

- Het ons as gemeente 'n duidelike visie vir ons *gemeente-wees* waaroor ons saamstem?
- Is ons eredienste werklik tot verheerliking en aanbidding van God?
- Inspireer ons eredienste lidmate tot ware aanbidding van ons Here?
- Bied ons 'n positiewe en inspirerende evangelieboodskap aan?
- Het ons 'n goeie balans tussen evangelisering en onderrig?
- Deurspek gebed alles wat ons doen?
- Is daar 'n doelbewuste poging om lidmate tot geestelike volwassenheid te lei?
- Reik ons op 'n warm manier uit na besoekers?
- Is ons bewus van die wêreld op ons voorstoep?
- Kom ons die Groot Opdrag (Maak dissipels) na?
- Ontwikkel ons voorgangers?
- Is ons voorgangers ernstig oor hulle verantwoordelikheid?
- Ervaar lidmate die gemeenskap van gelowiges?
- Werk ons konstruktief met ander gemeentes saam?
- Lewe ons lidmate soos mense met hoop?
- Word die prediking gebruik om lidmate missionêr te rig?
- Hoe belangrik is suiwer Woordverkondiging vir die gemeente?
- Word die gemeente met die prediking toegerus vir hulle daaglikse lewe?
- Word die prediking in die gemeente ondersteun met praktiese toerusting en geleenthede waar die lidmate geloofgroei en missionêre sensitiwiteit kan ontwikkel?
- Bewerk die bediening in die gemeente 'n Skrifgetroue godsvrug by lidmate?
- Word lidmate se gawes in die gemeente aangewend?
- Het ons vriendelike en effektiewe administrasie?

*Eerlike
vrae aan
gemeentes.*

Inkeer

Verstaan die gereformeerde instandhoudings-predikantskerk nog die diepte van genade? Sidder ons nog vir God se oordele? Ons vra vir die Here: help die kerk - maar eintlik bedoel ons dalk: help met die kerkgeld! Bring die Here ons nie in die geld-armoede sodat ons, ons geestelike armoede kan beseef nie? Geestelike armoede wat blyk uit gebrek aan ywer. En 'n skandalige gebrek aan gehoorsaamheid as dit kom by die slotverse van Matteus 28.

As die kerkorde op Skrifgronde die hiërargie in die kerk as sonde beskryf, moet ons alles in die stryd werp om dit wat die amp van die gelowige ondergrawe - soos predikante wat indring in die ampte van diakens en ouderlinge (hulle werk ook oorneem) - teen te staan. Ons moet ons huidige instandhoudingsmodelle omruil vir diensbare uitbreidingsbedieningsmodelle. Wat dit behels is dat die dienskneg-gestalte van Jesus Christus sigbaar gestalte moet kry in die bediende van die Woord. Hier behoort bedienaars self die hand in eie boesem te steek.

Kerkrade behoort te vra: vra ons nie meer van ons predikant as wat Christus van hom vra nie? Dikwels bid predikante om meer krag vir die moeilike werkslas van die bediening, maar God gee jou nie krag om ander se werk te doen nie. Gemeentes self moet hierdie dienskneg-gestalte aanleer en uitstraal. Die punt van belang is dat die hele gemeente, as liggaam van Christus, betrek moet wees by die uitbreiding van die gemeente.

Om dit te bereik moet daar selfondersoek gedoen word na die mate waarin ons sending sien as wesenlik deel van die kerk: die ware kerk se roeping. Met hart en mond en hande. Ons belydenis sê dit, maar ons belydenisdaad loënstraf dit dikwels. Die groei van 'n gereformeerde kerk deur middel van evangelisasie is al wat hierdie droogte gaan breek. Die Here is besig om hard met ons te praat. Het ons genoeg eerlikheid om ons te bekeer van ongehoorsaamheid as kerk en kerkverband oor evangelisasie?

Dr. ALA Buys

Begin jou eie Bybelstudiegroep.

Dis dikwels nie moontlik om in te skakel by 'n bestaande Bybelstudie groep nie. Dis ook so dat daar moontlik nie 'n Bybelstudiegroep naby aan jou is nie. Begin dan 'n groep.

Hoe gaan ek te werk?

Die onderstaande werkswyse word gebruik in lande waar Christene vervolgd word en waar daar min tyd is om opleiding te gee aan persone wat voorgaan met Bybelstudie. Dis effektief en kan net so goed gebruik word in lande waar Godsdienstvryheid heers.

Die Bybelstudie self:

1. Die voorganger begin met gebed.
2. Hierna volg die bespreking van antwoorde op vrae van die vorige week.
3. Een of twee lees die nuwe perikoop (Bybelgedeelte) vir almal voor.
4. Die voorganger vra dat elkeen nou self die gedeelte moet deurlees en kyk wat hulle aanspreek/vir hulle besonders is. Wanneer die groep gereed is kry elkeen in die rondte geleentheid om te sê wat vir hom of haar besonders is en (indien hy/sy wil) waarom.
5. Die voorganger vra dat elkeen nou weer self die gedeelte moet deurlees en kyk watter vraag hy of sy oor die gedeelte wil vra. Wanneer die groep gereed is, kry elkeen in die rondte geleentheid om die vraag te

vra, sonder dat dit beantwoord word. Een persoon in die groep teken die vrae aan. Die voorganger groepeer die vrae by mekaar en stel dit dan een na die ander vir bespreking. Al die vrae waarvoor nie uitsluitel gekry word nie, word na die byeenkoms aan elkeen in die groep gestuur. Dit is dan voorbereidingswerk vir volgende keer. [Maak seker die lede van die groep beskik oor e-sword, 'n ander rekenaar program, kommentare, ens.]

6. Die voorganger vra dat elkeen nou weer self die gedeelte moet deurlees en nadink oor wat God hier oor Homself openbaar, asook wat dit vir ons daaglikse lewe beteken. Wanneer die groep gereed is kry elkeen in die rondte geleentheid om te sê waarby hy/sy uitgekom het.
7. Nou is daar geleentheid dat elkeen iets kan sê oor uitreik na mense en hulle vrae waarby hulle sedert die vorige Bybelstudie betrokke was. [Dit kan ook gedoen word oor 'n koppie koffie/tee].
8. Afsluiting, waar in gebed veral ook aandag gegee word aan dit wat in punt 6 en 7 genoem is.

Gratis elektroniese Bybelstudie programme (The Word en E-Sword) kan afgelaai word by: <http://www.enigstetroos.org/>



God skenk ons die krag deur die Heilige Gees om sy getuies te wees.

Lees: Handeling 1:1-8
Teksvers: Handeling 1:8

Daar word baie gekla dat die kerk dood is en dat die kerk niks meer vir ons doen nie. Verskeie oplossings word aangebied om die kerk weer lewendig te kry, om die kerk weer op sy voete te kry en om die kerk weer aan die gang te kry. Dit alles is tevergeefs as die Gees nie in die kerk woon nie. Slegs deur die Heilige Gees lewe die kerk.

In vers 8 sê Christus hoe die lewende kerk lyk as Hy sê: *“julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees, oor julle kom, en julle sal my getuies wees.”* Hierin is God se belofte opgesluit, dat die kerk krag sal ontvang om Sy getuies te wees, omdat die Heilige Gees daarin woon. Hierdie belofte is vervul met die uitstorting van die Heilige Gees by Pinkster, deurdat die kerk met die Heilige Gees vervul is en daardeur ook die krag ontvang om God se getuies te wees (Hand. 2).

So wys vers 8 ons dat die kerk se kragbron die Heilige Gees is. Die Heilige Gees werk soos 'n dinamowerk deurdat Hy die Woord van God aan ons openbaar. Verder werk die Heilige Gees ook soos dinamowerk, deurdat Hy ons vervul om die Woord van God met krag te verkondig sonder om te vrees. Dit maak nie saak in watter omstandighede ons onself bevind nie. Slegs onder die leiding van die Heilige Gees kan die kerk sy taak voltooi.

Die Heilige Gees staan die kerk in tye van vervolging en lyding by, deurdat:

- Hy ons die krag gee om te getuig (Hand. 1:8; Hand. 6:9-10),
- Hy ons leer wat om te sê, as ons nie weet nie (Luk. 12:12),
- Hy ons aanmoedig (Hand. 9:31) en beheers (Rom. 8:9),
- Hy dit vir ons moontlik maak om 'n Christelike lewe te lei (Rom. 8:5-9) en
- Hy vir ons bid in tye van nood (Rom. 8:26).

So is die Heilige Gees die kragbron wat God vir die kerk skenk.

Maak ons van die Heilige Gees as kragbron gebruik?

Laat ons toe dat die Heilige Gees met krag in ons woon en werk? Beleef ons hierdie krag in ons en leef ons dit uit? Ek vra dit, want ons maak deel uit van die liggaam van Christus, waarvan ons elkeen bely dat *“ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly.”* (Heidelbergse Kategismus Sondag 54). Enige pyl van kritiek wat ek op die kerk afskiet, moet my dus eerste tref. Ek is 'n lewende lid van die kerk en sal ewig 'n lewende lid van die kerk bly.

God skenk deur die Heilige Gees aan ons die krag om die lig vir die wêreld te wees en om dit te versprei. Die dinamowerk, die ligkrag wat die dinamowerk, die plofkrag van God se Woord, versprei. God maak ons 'n lig vir die nasies, sodat die redding wat Hy bewerk, die uithoeke van die aarde kan bereik (Jes. 49:6).

So het die kerk met die uitstorting van die Heilige Gees sy krag ontvang – 'n positiewe, opbouwende, wêreldoorwinnende krag! Met die krag wat God ons skenk, moet ons Sy getuies in die wêreld wees. Ons moet die Evangelie in elke plek verkondig. Hier in ons tuisdorp of stad sowel as in ons land en tot in die uithoeke van die wêreld. So is die wêreld die arbeidsveld, waarin die Koninkryk van God opgerig moet word (Matt. 10:5-6).

Wees God se getuies en gaan dan na al die nasies toe en maak die mense Sy dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Hy ons beveel het. En onthou: Hy is by ons al die dae tot die voleinding van die wêreld (Matt. 28:19-20). Wees die draer van die kragbron, wat God se Woord onder die nasies versprei.

Die evangelie is vir die hele wêreld – nie net vir jou volk of groep of stand nie. God se genade is groter en wyer as dit.

Verstaan jy jou roeping?

Jy mag nie sê: “Evangelisasie is ander se werk” nie, of “Ek het nou my

deel gedoen” nie, of “Ek kan nie.” Jy kan nie self nie, maar met die Gees kan jy!

Ons is verlos deur die Here Jesus en het deel aan sy heerlike ryk. Nou wil en moet ons getuig – met ywer wil ons dié hoop van die evangelie aan ander bring.

- Die Here laat jou paaie met ander kruis. Gebruik die geleentheid en wees 'n getuie.
- Wees 'n getuie daar by jou huis, op die plaas, by die skool, werk en sportveld.
- Wees 'n ligdraer en souttende sout met die mense waarmee jy elke dag te doen kry.
- Wees 'n getuie soos Jesus Christus 'n getuie is. Hy het sy lewe opgeoffer vir die saak van God.

Die kerk het die belofte van God ontvang, nl. die Heilige Gees. Dit is die Heilige Gees wat ons met krag toerus, sodat die kerk sy opdrag kan uitvoer. Die opdrag wat ons van God ontvang het om Sy getuies in die wêreld te wees.

So is ons, as kerk van die laaste dae, toegerus met die krag van die Gees van God en daarom moet ons na oortuiging besig wees om Sy evangelie na die eindes van die aarde te neem.

Verder ontvang jy, as lewende lid van die kerk en as ligdraer van God, ook die belofte en die opdrag van God. Hy rus jou deur Sy Gees met krag toe om die Evangelie te gaan verkondig hier in jou tuisdorp of stad sowel as in jou land en tot in die uithoeke van die wêreld.

Ds. P. Cilliers



Vir wie het Jesus gesterf?

In die vorige uitgawe het ons gesien dat God die Vader soewerein in sy verlossing is. Hy skenk aan mense die geloof om te glo in Jesus Christus as hulle verlosser. Hy skenk hierdie geloof net aan mense wat Hy uitverkies het en natuurlik het Hy die reg om dit te doen soos en wanneer Hy wil.

God die Seun verlos nie almal nie.

In hierdie uitgawe wil ons nou wys dat God die Seun ook soewerein is in verlossing. Daar word somtyds gesê dat Christus gesterf het om verlossing aan almal te bied. Dit kan nie regtig waar wees nie, want Jesus het self gesê dat Hy die ewige lewe sal gee aan hulle wat God vir Hom gee. Kyk na Jesus se woorde in Johannes 17:2 : “U het Hom immers die volmag

oor die hele mensdom gegee om aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe te gee.”

Christus het gesterf vir hulle wat God uitverkies het.

Ons het reeds gesien dat God sekere mense voor die grondlegging van die aarde uitverkies het om verlos te word. Die Bybel leer dat Christus na die wêreld gekom het om die wil van God te doen. In Johannes 6:38 lees ons Jesus se woorde: “Ek het van die



hemel af gekom nie om my wil te doen nie, maar die wil van Hom wat my gestuur het.”

Ook praat Jesus in Johannes 17:6 van die mense wat God Hom gegee het waar Hy sê: “*Ek het U Naam bekend gemaak aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het.*” Dit is dus duidelik dat God sekere mense uitverkies het om gered te word en dat Jesus, wat die wil van God doen, gesterf het om God se wil vir hierdie mense uit te voer.

‘n Ander saak om in aanmerking te neem is die volgende: Toe Jesus gesterf het, het Hy die plek van skuldige sondaars geneem en het in hul plek gely, sodat hulle nie vir hul eie sondes moes ly nie. Nou, as Jesus gely het vir almal se sondes sal God, omdat hy regverdig is, almal vryspreek. Die Bybel praat egter van mense wat sterf in hul sonde en vir hulle sê Jesus: “*Gaan weg van My af, julle vervloektes! Gaan na die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele voorberei is.*” Hierdie woorde kan jy lees in Matteus 25:41. Dit is dus duidelik dat Jesus nie vir almal gesterf het nie, want daar is mense wat God se vloek sal dra en sal ly vir hulle eie sondes.

Kyk na Hebreërs 9:25. Hier word ons vertel dat die Here Jesus Christus nou in die hemel is, waar Hy voor God verskyn namens sy kinders. Kyk ook na Hebreërs 7:25. Dit sê dat Christus volkome “*dié wat deur Hom na God gaan, eens en vir altyd verlos*”. Let op dat Christus nie vir almal intree nie. Hy tree slegs in vir sy kinders.

In die Ou Testament het die hoëpriester ‘n offer gebring vir die sondes van die kinders en dan voor God gaan staan om te bid vir die kinders. Op soortgelyke wyse het Christus ‘n offer gebring: Homself, vir die sondes van die mense wat God uitverkies het en nou as hul Hoë Priester, bid Hy vir hulle in die hemel. Dit beteken dat Christus slegs bid vir God se uitverkorenes en Hy het ook nêr vir hulle gesterwe.

Niemand kan na Jesus kom as God hom nie trek nie (Johannes 6:24).

Dit wys dat dit goddelike krag is wat die sondaar gewillig maak om na Christus te kom, want van nature is almal onwillig om te kom. Ons weet dat sommige mense nooit na Jesus kom nie. Hoekom nie? Party mense sê dat Jesus nooit iemand dwing om Hom as Verlosser te ontvang nie. In ‘n sekere sin is dit waar. In ‘n ander sin is dit totaal verkeerd. Christus moet die krag hê om mense te dwing om na Hom te kom want Hy is self God, die Almagtige Een.

Die enigste rede hoekom sekere mense nooit na Jesus kom nie, moet wees omdat Christus nooit bedoel het om almal te red nie. Hy het net bedoel om hulle te red wat deur God uitverkies is. Hy gebruik sy goddelike krag om daardie besondere mense gewillig te maak om Hom as Verlosser te ontvang.

In Matteus 1:21 lees ons: “*en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos*”. Jesus sê self in Matteus 20:28 dat Hy gekom het om vir “*baie*” sy lewe te gee. Let op dat Hy nie sê dat Hy gekom het om sy lewe vir almal te gee nie.

Skrifdele wat moontlik daarop wys dat Jesus vir almal gesterf het?

2 Korintiërs 5:15 sê dat Jesus vir “almal” gesterf het.

Lees ons egter vers 16 en 17 sien ons dat “almal” beteken “alle Christene”. Deur te sê dat “een vir almal gesterf het”, sê die vers eintlik dat Christus in die plek van sy kinders gesterf het.

1 Timoteus 2:5-6 sê dat Christus “Homself as ‘n losprys vir almal gegee het”.

Die Bybel gebruik egter die woord “almal” op twee maniere: Dit beteken of “*almal*” of dit beteken “*alle soorte mense*”. Hier beteken dit duidelik dat Jesus vir alle soorte mense gesterf het - ryk en arm, sterk en swak, want ons het reeds gesien hoe ander Skrifgedeeltes duidelik leer dat Hy slegs gesterf het vir hulle wat deur God uitverkies is.

Hebreërs 2:9 sê dat “Hy deur die genade van God vir almal sou sterwe”.


Die volgende vers sê egter duidelik dat hierdie hele gedeelte gaan oor die kinders van God. Dit beteken dus dat Christus die dood gesmaak het vir elke kind van God.

Ons het dus gesien dat die Bybel dit baie duidelik maak dat die Here Jesus Christus gesterf het om God se uitverkorenes te red. Daar is geen perk aan die waarde of krag van God se verlossing nie, maar in sy soewereiniteit het Christus verseker dat dit net van toepassing gemaak word op God se uitverkorenes.

Mag ek jou dus ‘n baie belangrike vraag vra? Is jy een van daardie uitverkorenes? Het Christus jou gered?

Bybelverse: Psalm 147:14-18; Jesaja 14:26-27; Jesaja 46:9-10; Spreuke 21:1; Spreuke 19:21

HOM NIE TREK NIE



Dit werk nie om iemand bloot met 'n Psalm bundel oor die kop te slaan om hom sodoende lief te maak vir Psalmsang nie. Dit was my voorreg om onlangs aan Michael Lefebvre se eenvoudige, dog diepgrypnde boekie te smul: *Singing the Songs of Jesus: Revisiting the Psalms*. Dit is beskikbaar by <http://www.loot.co.za>.

Wat 'n werwende boekie! So sal jy mense winnend oortuig dat die Psalms inderdaad die ruggraat van ons kerksang behoort uit te maak.

Lefebvre gaan oortuigend te werk om ons vir die standpunt te win dat

wanneer jy die Psalms sing, sing jy die lieder van Jesus Christus met Hom - die Koning self - as jou sangleier. Hy toon aan hoe ons in die Psalms moet onderskei tussen die woorde wat die Koning aan God sing, wat die Koning aan ons sing, wat mense tot God sing, wat mense tot die Koning sing, ja ook wat die mense vir mekaar toesing. Anders gestel, die Psalms is verbondsmatige oefeninge - lofprijsende gesprekke waarin ons saam met ander gelowiges en die Drie-enige God, alles gesentreer in die Middelaarskap van Christus, verkeer. Ja, sê Lefebvre, selfs die Psalms wat spreek van bekering, sing implisiet saam met Hom in wie ons alleen waarlik vind dat bekering ons vind.

Lefebvre toon aan dat die lofprijsing van die Psalms dikwels die einddoel is, maar dat dit nie in alleenstaande sin verstaan kan word nie. Daar is dikwels verwarring, nood en ontnugterende omstandighede waardeur jy eers moet werk voordat jy by lofprijsing kan uitkom. Die Psalms is genademiddele om ons te dra tot by die punt van lofprijsing, selfs al voel ons nie aanvanklik so nie. Met beelde wat jou lank bybly (soos die een wat nou kom) verduidelik Lefebvre op 'n vars wyse hoe die Psalms ons sterk veiligheidstoue is wat maak dat ons die bergpieke van die lewe kan aandurf tot ons eendag

voor die aangesig van God verskyn.

Een van die kragtige beelde is sy vergelyking van spykers en skroewe. Skroewe kan nie soos spykers ingekap word nie. Hulle word ingedraai. Die rede waarom die Psalms dikwels nie waardeur word nie, is omdat ons Psalms aan moderne geestelike lieder wil gelykstel. Ons wil hulle op dieselfde wyse soos spykers inkap. Maar die Psalms kan nie ingekap word nie. Hulle moet soos skroewe ingedraai word. Hulle moet bedink word terwyl ons hulle sing in ons dikwels moeilike en selfs morsige omstandige. En tog draai hulle ons saam met hulle geleidelik kragtig in - vanaf ons angs en wanpersepsies tot in die teenwoordigheid van die getroue Verbondsgod.

Ook jou deuntjie oor die Psalms as kerkliedere kan verander word deur hierdie boekie se ontvouing van die glorie van Psalmsang. Miskien verander dit van vals (ondankbaarheid) na ten minste op die noot (waardering). Miskien sal dit van die mineur- na die majeure ton verander. Een ding is seker: Jy het nuwe moed dat die dikwels oorbekende kenwysies van jou eie lewe waarlik deur die Psalms verander kan word na iets wat meer eer aan God bring.

Dr. Alwyn Swanepoel

Opgedis

"SNACKWICH" - KAASSKONS

Vir 'n heerlike ontbyt of bykos by 'n braai.

- 4 eetlepels olie
- 1 eier
- ¾ koppie melk
- 1 koppie meel
- 2 teelepels bakpoeier
- 1½ koppie gerasperde kaas

Meng alles saam en maak dit in die "Snackwich" gaar!

Kan dit ook oopsny en botter smeer en op die braaivleisrooster braai, of sny dit oop, smeer botter en sit sommer 'n groenslaai in ... Heerlik!

Cynthia de Smit



Malaria



Simptome

In die inkubasietydperk van ses tot twaalf dae kom die pasiënt niks agter nie. Maar sodra en elke keer wanneer duisende parasiete in die bloed vrygelaat word, omdat rooibloedselle oopbars, word hy koorsig.

Benewens koue rillings, 'n hoë koors en sweterigheid het die pasiënt 'n verskriklike hoofpyn. Ernstige komplikasies kan ook voorkom, soos anemie, geelsug, miltvergroting, stuwing van bloedvate van die brein (serebrale malaria genoem), hematurie (bekend as bloedwaterkoors) en nierversaking. Iemand met serebrale malaria voel suf voordat hy sy bewussyn verloor, en hy kan sterf as hy nie gou mediese hulp kry nie.

Diagnose

Diagnose word op die dokter se waarneming van die simptome en die uitslag van bloedsmere gegrond. Selfs as 'n eerste bloedtoets negatief is, sal die dokter nie sonder meer kan sê dat die pasiënt nie malaria het nie. Trouens, dokters moet twee keer per dag bloedsmere van 'n pasiënt neem, totdat dit positief vir malaria word, 'n ander siekte gediagnoseer word of die pasiënt beter word.

Kenners sê baie pasiënte en selfs dokters besef nie hoe uiters belangrik dit is dat malaria vinnig gediagnoseer en behandel moet word nie. Komplikasies kan baie gou intree en die pasiënt kan sterf. Voorts is dit gebiedend noodsaaklik dat mense wat griepig voel nadat hulle 'n malariagebied besoek het, hul dokter sal inlig dat hulle in 'n só 'n gebied was.

Voorkoming

Elkeen wat 'n malariagebied besoek, moet antimalaria-pille sluk. Volg die aanwysings getrou en onthou: as jy 'n swanger vrou is, flikker die gevaarligte. Van die middels kan naamlik toksies vir jou en jou ongebore baba wees.

Onthou ook dat die voorkomende medikasie wat beskikbaar is, nie as 'n algehele waarborg beskou kan word dat jy nie malaria sal kry nie. Tog kan jy die risiko daarmee drasties verminder. Die beste middel (byvoorbeeld mefloken) verleen sowat 90 persent beskerming, terwyl dit effens minder is by die antibiotikum doksisiskliene.

Om slegs chlorokien in Afrika-lande te gebruik, kan 'n mens duur te staan kom. Chlorokien-weerstandigheid in groot dele van byna alle Afrika-lande is reeds 'n yslike probleem.

In die malaria-gebied kan slaapnette en muskietverdrywers gebruik word, terwyl jy ook muskietspirale kan brand. Dra veral tussen sononder en sonop langmouhemde en lang broeke.


Behandeling

Malaria is potensieel noodlottig omdat dodelike komplikasies kan intree binne 48 uur ná die verskyning van die eerste simptome. Elke geval moet dus met die uiterste sorg gehanteer word.

Die behandeling hang af van waar die pasiënt malaria opgedoen het en hoe siek hy is.

Dit is belangrik dat die pasiënt met 'n akute aanval in die hospitaal opgeneem word. Nog slegte nuus is dat die siekte nog lank in 'n mens se spoor kan bly trap soos 'n getroue hond. Jare ná 'n akute aanval kan insinkings steeds voorkom, waarvoor die dokter moontlik weer geraadpleeg sal moet word.

Verpestelike muskiet! Verfoeilike parasiet!





Rome vandag

Die onderskeid tussen ware en valse kerke word al hoe meer as onbelangrik en irrelevant gesien, natuurlik onder aanslag van die postmodernisme kerk en tydsges. Daarom is dit nie vreemd dat daar lidmate van protestantse kerke is (waaronder ook gereformeerde kerke tel) wat nie meer die onderskeid tussen die protestantse geloof en die Roomse geloof duidelik raaksien nie. Die humanisties-ekumeniese tydsges is besig om oor te neem, alles onder die dekmantel van 'eenheid'. Maar, dit is ongelukkig baiekeer 'n 'eenheid' sonder of in stryd met die waarheid (sien Joh.17, veral vers 17).

Richard Bennet

Richard Bennet was 'n Roomse priester wat vanuit die Roomse kerk bekeer is, en doen nou groot werk om mense te waarsku teen al die dwalinge van die Pousdom. Om u en u kinders te help, sodat die Pous en sy protestantse trawante u nie flous nie, sien die baie behulpsume kaart van Bennet, wat die mees basiese dwalinge van Rome duidelik uitwys en vanuit die Skrif beantwoord:

- <http://proregno.files.wordpress.com/2010/02/u-woord-is-die-waarheid-kaart-a-b.pdf>

Richard Bennet se webblad:

- <http://www.bereanbeacon.org/>

Die volgende bronne kan ook help om die dwalinge van Rome (wat vandag nog net so lewendig is) beter te verstaan en te weerstaan:

- Rossouw P. 1984. Protestantisme en die Roomse kerk vandag – grondslag vir gesprek. Kaapstad: Lux Verbi.
- Calvyn se *Institusies*, veral boek 4.
- Reymond RL. 2002. The Reformation's Conflict with Rome – Why it Must Continue. Mentor.
- <http://www.trinityfoundation.org/journal.php?id=248>
- <http://www.trinityfoundation.org/journal.php?id=133>
- http://www.fpcr.org/blue_banner_articles/lee1.html
- Die Roomse Gevaar, PJS De Klerk

DVD:

Uit Diep van Donker Nagte

N\$50-00

“Uit Diep van Donker Nagte” neem 'n voëlvlug oor die Reformasie in Europa. Dit skets die omstandighede in die Roomse Katolieke Kerk wat aanleiding gegee het tot die dramatiese oomblik dat Martin Luther sy 95 stellinge teen die kerkdeur van Wittenberg vasgespyker het.

Met toneelspel, musiek en Psalmsang en grootskerm-uitbeelding van Middeleeuse grafiese kuns, ontplooi die aangrypende gebeure in Duitsland, Frankryk en Nederland en eindig met die koms van die Hugenote na Suid-Afrika. Die gehoor is midde-in hierdie geloofstryd geplaas en het saam met die Potchefstroomse Mannekoor deelgeneem aan die opvoering. Babs Brouwer het vir die aangrypende “Sola Sacra

Scriptura” gekomponeer. Die motief agter die samestelling van hierdie produksie was om meer as drie eeue later die invloed en omvang van die reformasie by kinders en grootmense op verstaanbare manier tuis te bring.

Die rol van Martin Luther word deur ds. Lou Erasmus (GK Naboomspruit) vertolk. Prof. Jorrie Jordaan vertolk o.a. die rol van Guido de Bres en prof. Paul Kruger



die van Calvyn. Ds. Eric Kayayan (GK Rietvallei) se stem is vir Calvyn gebruik. Ina Opperman het die regie hanteer.

Ons wou juis by 'n kunstefees 'n getuie lewer ten opsigte van reformasie in die kunste – die gedagte dat die kunstenaar sy skeppende talent van God ontvang het en daarom Hom ook moet verheerlik met sy kuns.

Op inisiatief van Schalk-Willem Kruger en Prof. Stoker is hierdie DVD dan tydens Aardklop 2001 vervaardig. Dit is nie 'n professionele opname nie, maar vang die atmosfeer en essensie vas.

Die DVD kan bestel word by: Schalk-Willem Kruger, swk@swk.za.net

Ina Opperman

Die vangelie

Die Evangelie nie na die mens nie

Dit wil vir my voorkom dat die probleme in kerke hoofsaaklik daaraan toegeskryf kan word dat die lidmate al meer 'n "evangelie na die mens" soek. Dit is waarom hulle altyd menslike argumente gebruik, sonder Skrif, om hulle sin te kry. Dit is hoe stemmery oor die waarheid, die kerk binnedring. Galasiërs 1:11 "*Maar ek maak julle bekend, broeders, dat die evangelie wat deur my verkondig is, nie na die mens is nie.*"

Lees meer hieroor in die Galasiër reeks preke van dr.

Attie Bogaards by die volgende skakel. Vir 'n volledige begrip behoort 'n mens by preek 1 te begin, preek 2 te lees en daarna preek 3 wat dan Gal. 1:11 ook behandel.

Die skakel is: <http://ahbogaards.wordpress.com/category/nuwe-testament/page/5/>

Die hele Galasiërs 1 verduidelik presies wat Paulus bedoel met die evangelie "nie na die mens nie". As 'n mens na sekere temas deur die hele Bybel kyk, word dit duidelik dat die hele Bybel van Genesis (skepping), Eksodus (wet), Psalms, Profete, wysheidsliteratuur, Evangelies, Sendbriewe, Openbaring alles "nie na die mens" is nie, omdat dit so vol wonderwerke (om maar een tema te noem) is, dat dit onmoontlik "na die mens" kan wees. Daar is baie meer waarna gekyk kan word.

Kyk gerus op die internet hierna. Volledige artikel by: <http://bit.ly/pQI4SF>

"Moenie laat die Pous jou flous"

Laai af en luister na die volgende protestantse strydlied (en leer dit gerus vir jou kinders): "Pous" ("Moenie laat die Pous jou flous"), gesing deur Frikkie Mulder en klein calvyntjies ! Hier verkrygbaar:

<http://rhythmmusicstore.com/music/5508/Frikkie-Mulder/Oom-Paul>

Dit is die N\$7-00 werd!



Christelike Biblioteek

[Tuis](#)
[Doel](#)
[Oor ons](#)
[Raak betrokke](#)
[Donasies](#)
[Kontak ons](#)

Soek gerus die Christelike Biblioteek. Hulle doel is om uitgesoekte en kwaliteit Skriftuurlike materiaal gratis beskikbaar te maak in elektroniese formaat, sodat:

- Ons persoonlike lewe voor die aangesig van God steeds voller en meer verantwoord kan plaasvind.
- Hulp en ondersteuning aangebied kan word aan gelowiges en klein groepies gelowiges wat in eensaamheid worstel om trou te bly aan God en sy Woord.

- Die onderlinge herkenning (en gesprek) tussen alle kinders van God mag groei, om uiteindelik te kom tot sigbare eenheid - 'n eenheid in waarheid en liefde.
- Alle Afrikaanssprekende mense toegang kan hê en verwonderd kan staan oor die onbeskryflike geestelike rykdom wat God aan al sy kinders wil gee.

Vanaf hierdie uitgawe is die Kelkiewyn ook hier beskikbaar.



Dag vreemdeling

Sien hierdie blog deur dr. Alwyn Swanepoel, waar hy skryf oor temas wat ons verhouding Christus/geloof/kerk en kultuur/samelewing raak. Hy bevind hom tans in die VSA vir verdere studies in onderwys en kultuur. Die webjoernaal bevat reeds 74 onderwerpe. Die manier waarop hy die temas benader getuig van 'n vars aanslag om die waarheid na mense te bring. <http://dagvreemdeling.blogspot.com>

Ken die persoon langs jou vir Jesus Christus?

Op universiteit het 'n dosent 'n klas aangebied oor die ewige lewe. Die dosent het sy klas opgesom in een vers, Johannes 17:3 *“En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het.”* Om die waaragtige God en Jesus te ken, dit is die ewige. Wat 'n troos. Om Jesus te ken en Hom te dien. Ek kon nie stilby oor hierdie les nie, ek

wou dit met almal deel. 'n Sendeling, dit is wat ek wou wees.

My drome om 'n sendeling te word, het toe nie dadelik gerealiseer nie. Ek het na universiteit begin doseer by 'n onderwys opleidingsinstansie vir “Christen” studente.

Om vir studente klas te gee is 'n fees. Humor, kansvatters, laatkommers, bankers, mouners, pliggies... almal tipiese studente.

In een van die lesse wat ek aangebied het, het ons afgedwaal van die onderwerp af. Die studente het begin praat oor 'n video wat hulle gekyk het. Die persoon in die video

vra wie is Jesus. Soos die gesprek gevorder het, het ek agtergekom dat die “Christen” studente ook nie weet wie Jesus is nie. Baie van die studente dien 'n jesus, maar nie Jesus Christus nie. Hulle dien liewe jesus, maar nie Jesus Christus wat liefde is, maar ook toornig word nie.

Baie van die studente, wat bekend staan as Christene, dien nie die ware Christus nie. Soos ons lees in Matteus 24:24 *“Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei.”*

Met 'n groot skok kom ek agter dat ek klas na klas aanneem ek praat met Christene, wat nie weet dat Jesus die enigste weg en waarheid is nie. Hoe kan dit tog wees? Hulle gaan kerk toe en hulle kom uit gelowige huise uit. Ek vertel toe vir my pa van hierdie skok. Op 'n rustige en wyse manier reageer hy: *“Elke*



gelowige is 'n sendeling.” Ewe skielik tref dit my. Ek is 'n sendeling. Dit is nie net 'n droom nie, maar 'n realiteit.

My ma, 'n maatskaplike werker, is 'n sendeling. My broer, 'n rekenmeester, is 'n sendeling. My vriend, 'n sendeling in China, is 'n sendeling. Almal wat die waaragtige God en Sy Seun Jesus Christus ken, is sendelinge. Die sendingveld het vir my oopgegaan. Die studente voor my wat nie vir Jesus Christus ken nie.

Ons word soms so vasgevang in ons werk dat ons vergeet ons is sendelinge. Ons neem aan dat die persoon in my skool, by my werk, of in die kerk, 'n Christen is. Maar ken daardie persoon of selfs *ons*, die ware Jesus Christus, soos geopenbaar in die Woord van God. Matteus 7:21 *“Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.”* Ken die persoon langs jou vir Jesus Christus?

Morné Diedericks





AFGESONDER EN UITGESTUUR

Lees: Handeling 13:1-3

Die gemeente van Antiochië was die eerste gemeente wat bewus geword het van haar roeping om sendelinge uit te stuur na gebiede waar die Naam van Jesus onbekend was.

Die gemeente het beseft dat hulle verbind was aan die kerk van die Here, maar hulle het ook 'n verpligting gevoel teenoor die wêreld waarin hulle bestaan het. As gevolg hiervan het die gemeente van Antiochië 'n baie belangrike taak vervul in die voortgang van die evangelie en trouens in die geskiedenis van die Christelike kerk.

Van die gemeente word ons vertel dat ongeveer in die jare 47-48 n.C. daar sekere profete en leraars was wat verantwoordelik was vir die versorging en opbou van die gemeente. Hulle was mense soos Agabus, wat hoofsaaklik die predikers was wat die raad van God vertolk het deur die uitleg van die Skrifte.

Buiten hulle was daar leraars wat vir die onderrig van die gemeente gesorg het deur kategese, voorbereiding vir die doop en prediking. Saam het die profete en leraars 'n raad gevorm wat sake in die gemeente bestuur het.

Die name van vyf van die profete en leraars word genoem. Barnabas as die oudste word eerste genoem. Dan volg Simeon, met die bynaam Niger (die swarte), waarskynlik 'n Jood met 'n donker gelaatskleur.

Die derde was Lucius (die liggende, afgelei van lux wat lig beteken) van Cirene in Noord-Afrika, 'n Griekse Jood wat in Antiochië meegehelp het aan die verkondiging aan die heidene (Hand. 11:20).

Die vierde was 'n man met 'n egte Joodse naam, Manaen (trooster), wat saam met Herodes Antipas grootgeword het en dus uit 'n vooraanstaande familie kom. Hy het waarskynlik baie voorregte en vooruitsigte prys gegee toe hy Christen geword het. Die laaste onder die vyf was

Saulus (Paulus). Hy staan nog onderaan die lys, maar sou deur die genade van God sy plek bo-aan inneem.

Hierdie vyf manne wat die leiding in hande gehad het, het op die innigste manier saamgewerk. Hulle het gereeld saamgekom. As voorbereiding vir hulle gebede het hulle gevas, en daarna in die byeenkoms voortgegaan om "die Here te dien", d.w.s. 'n erediens te hou waarby die Woord ondersoek en die gebed beoefen word. By so 'n samekoms van die profete en leraars het die Heilige Gees aan hulle duidelik gemaak dat hulle Barnabas en Saulus moes afsonder "vir die werk waarvoor Ek hulle geroep het."

Wat hierdie werk presies was, word nie nader omskryf nie, maar almal verstaan die bedoeling. Die woord wat die Here aan Ananias meegedeel het, sou in vervulling gebring word. Daar in Damaskus het die Here gesê: "Hy (Paulus) is vir my 'n uitverkore werktuig om my Naam te dra voor nasies en konings en die kinders van Israel" (Hand. 9:15).

In Antiochië het die tyd nou aangebreek dat die roeping tot uitvoer gebring moes word. Die opdrag dat twee sulke waardevolle manne afgestaan moes word, was vir die gemeente 'n baie groot offer. Die broeders het diep onder die indruk daarvan verkeer en ook beseft dat dit 'n uiters belangrike ontwikkeling was, noudat die kerk van Antiochië doelbewus manne sou uitstuur na heidense lande.

Daarom het hulle weereens gevas en gebed, en daarna vir Barnabas en Saulus vir hulle besondere dienswerk afgesonder deur die oplegging van hande. Op hierdie wyse het hulle dié twee ook losgemaak om te gaan waarheen die Gees hulle ook sou lei.

Vandag nog stuur gemeentes sendelinge uit om die evangelie van ons Here Jesus op ander plekke te gaan verkondig.

Getuies van God in woord en daad

Skrifgedeelte: Jakobus 1

Fokus: vers 17

Soms hoor 'n mens dat 'n predikant vertel dat hy by 'n siekbed meer leer as wat hy ooit kan bied. Soms sal 'n mens hoor dat iemand vertel dat 'n pastorale gesprek vir die hoorder meer verrykend kan wees as vir die verteller. Ons besef nie altyd hoe baie ons daaglik, in alles wat ons doen, getuig nie.

Om getuie van God te wees beteken nie in die eerste plek om die hele wêreld te probeer bekeer nie. Ongeag ons omstandighede, moet ons die grootheid van God leef en besing en wys. Dit is getuie wees. Getuies van God wees, is in die eerste plek om deur woord en daad die liefde van Christus te praat en te doen.

Jakobus skryf sy brief aan gelowiges wat verstrooi is. Een van die eerste dinge wat hy in sy brief beklemtoon, is dat alle gawes van Bo kom – van God wat onveranderlik is. In die hele boek Jakobus sal hy hierdie gedagte verder omskryf en verwoord. As God Sy genade in jou ingeplant het deur Sy Gees, dan raak dit jou in elke woord en in elke daad.

Ons kan eintlik nie anders as om vrug te dra nie. Dan dra ons vrug wat pas by dit wat uit die hart van die geloof kom. Ons kan nie anders nie, want God se liefde, sy sorg, sy barmhartigheid, sy hele wese, is en bly onveranderlik.

Wat beteken dit in praktyk?

Vanuit ons hoek dink ons dikwels dat alles eers reg en volmaak moet wees voordat ek vir God getuie kan wees. Die Bybel leer ons dat dit soms juis nie so werk nie. God gebruik wie Hy wil, waar Hy wil, soos Hy wil. Hy stuur en dan voorsien Hy wat nodig is. As ons wag vir ons omstandighede om eers reg te wees voor ons van God getuig, sal ons nooit begin nie. Aan die ander kant kan getuie wees baie geforseerd wees. So moet dit ook nie wees nie.

Getuig spontaan

Getuie wees is om spontaan in alles wat ek sê, waar ek is, en in alles wat ek doen, te leef vanuit die vrug van die Gees. Vanuit 'n gesindheid van *liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing* (Gal. 5:22).

So ja, ek kan getuig vir die Here al het ek nie al die gawes nie. Ek kan getuig vir Hom al is ek vasgekluiser aan 'n siekbed. Ek kan getuig vir Hom al word ek beproef. Dikwels is dit juis in beproewings wat ek die treffendste kan getuig.

Ek herinner my 'n siekbed by 'n tannie wat 17 jaar aan die bed vasgekluiser was. In ons gesprek oor die sin van die lewe en die doel van haar siekbed, was haar antwoord so treffend: *'Ek kan nie nou al sterf nie. Ek het nog 'n familie vir wie ek moet lê en bid. Die kinders is te besig, die klomp het afgedwaal. Dink net aan al die*

genade wat ek ontvang het, ek kan heeldag lê en bid. So nou bid ek.' Die dag met haar afsterwe was een van haar kleinkinders se opmerkings: *'Nie een van ons by hierdie graf besef hoeveel gebede daar nou nie meer vir ons opgaan nie.'*

Onthou: Moses was 'n hakkelaar, Dawid 'n egbreker, Jakob 'n bedrië, Thomas 'n twyfelaar, Paulus 'n moordenaar – tog het God hulle almal op Sy tyd en Sy wyse gebruik. Soms is die beste wat jy kan doen in 'n krisis om van jouself weg te kom en te getuig van Hom wat jou vir ewig in Sy hande het.

Alles wat ons het, het ons van Hom ontvang – daarvan kan ons getuig in elke woord en elke daad, ongeag ons omstandighede. Die krag van God kom juis tot volle werking wanneer ons swak is.

Ds. Hannes Noëth